REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

AANHANGSEL
VORM 1
[Regulasie 2]
KENNISGEWING AAN KLAER IN 'N GEVAL VAN GESINSGEWELD
ARTIKEL 2(b) VAN DIE WET OP GESINSGEWELD, 1998 (WET NO. 116 VAN 1998)

Hierdie kennisgewing verduidelik u regte en die stappe wat u kan doen om uself, u klnders en/of ander Iede van die gedeelde huishouding te beskerm. Indien daar nadat u hierdie kennisgewing gelees hel, enigiets is wal u nie verstaan nie, sal ek die inhoud na my beste vermoë aan u verduidelik. As ek of ander Iede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens hier teenwoordig nie in staat is om enige van u vrae rakende hierdie kennisgewing te beantwoord nie, kan u die klerk van die landdroshof nader vir verdere inligting.

1. Ek, as 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, sal die bystand aan u verleen wat u nodig het in die omstandighede, insluitende bystand of die tref van reëlings om –
gepaste skuiling te kry; en/of
mediese behandeling te kry.

2. U kan 'n kriminele klagte lê teen die persoon wat die handeling van gesinsgeweld gepleeg het (wat nou die respondent genoem sal word) indien die optrede van die respondent 'n misdryf uitmaak wat deur die polisie ondersoek sal word.

3. Daarbenewens kan u ook, op enige dag en te eniger tyd, aansoek doen om 'n beskermingsbevel by die landdroshof in wie se gebied -
u permanent of tydelik woon, besigheid bedryf of in diens is;
die respondent woon, besigheid bedryf of in diens is; of
die handeling van gesinsgeweld plaasgevind het.

4. Ek sal u voorsien van 'n aansoekvorm as u om so 'n bevel aansoek wil doen. Dit is nie nodig om 'n kriminele klagte te Iê ten einde 'n beskermingsbevel te kry nie.

5. Die hof sal u aansoek oorweeg en kan daarna 'n tydelike bevel uitreik, wat -
van krag sal word slegs nadat dit aan die respondent afgelewer is (waarvan u die koste moet betaal, tensy u nie oor die middele beskik om daarvoor te betaal nie); en
net vir 'n sekere tydperk geldig sal wees.

6. Na sodanige tydperk sal die hof dit oorweeg om 'n permanente bevel uit te reik.

7. In u aansoek mag u die hof versoek om die respondent te belet om -
enige handeling van gesinsgeweld te pleeg;
die hulp van 'n ander persoon te verkry om enige handeling van gesinsgeweld te pleeg;
u werksplek, huis of die gedeelde woning of enige deel daarvan binne te gaan;
u of enige kind wat normaalweg in die gedeelde woning woon, te verhoed om die woning of enige deel daarvan binne te gaan of daarin te vertoef;
enige ander handeling te verrig soos deur die hof bepaal.

8. U kan die hof versoek om nie u fisiese adres aan die respondent bekend te maak nie. Die hof kan ook, ten einde u te beskerm en vir u veiligheid, gesondheid en welsyn voorsiening te maak -
gelas dat die respondent huur, verbandpaaiemente of ander geldelike bystand betaal (soos mediese onkoste en verlies verlies van inkomste);
die respondent kontak met u kinders ontsê;
gelas dat daar beslag gelê word op enige wapen of gevaarlike wapen in die besit of onder die beheer van die respondent;
gelas dat 'n vredesbeampte u vergesel om u be te staan met die afhaal van u persoonlike eiendom;
enige ander voorwaarde stel wat die hof redelikerwys nodig ag.

9. Wanneer 'n bevel gemaak word, sal die hof 'n lasbrief tot die inhegtenisname van die respondent uitreik. Dit beteken dat die respondent in hegtenis geneem kan word indien hy of sy versuim om te voldoen aan enige bepaling van die beskermingsbevel en nadat u die lasbrief en 'n beëdigde verklaring ten effekte dat die respondent die bevel oortree het, aan die polisie oorhandig het.

WAARSKUWING: Dit is 'n misdryf as u wetens vals inligting verstrek wanneer u om 'n beskermingsbevel aansoek doen of wanneer u ‘n kriminele klag lê, en u sal vervolg word en kan skuldig bevind word.